Nuwe eienaar kry Audi gou ná kaping

Gloria Edwards

Die eienaar van 'n splinternuwe Audi Q5 wat eergister in Boksburg gekaap en gou teruggevind is, kon gister sy voertuig gaan afhaal.

Beeld het gister berig hoe mnr. Chris Joubert (34), 'n motorverkoopsman by Audi Centre East Rand Mall, van dié motor beroof is toe hy dit met brandstof gaan volmaak het sodat die nuwe eienaar dit kon oplaai.

Joubert is by die Shell-vulstasie op die hoek van Rietfontein- en Rondebultweg deur twee gewapende mans uit dié motor gedwing. 'n Derde makker het in 'n swart VW Golf gevlug.

Joubert het die Tracker-stelsel geaktiveer en die voertuig is skaars 15 minute later op die N3-hoofweg in Bedfordview opgespoor. 'n Kaper is in hegtenis geneem en verskyn binnekort in die Boksburg-landdroshof. Die ander twee is nog soek.

Mnr. Gareth Crocker, kommunikasiebestuurder van Tracker, het gister bevestig die nuwe eienaar van dié luuksemotor het dit gaan haal nadat die polisie dit vir bewyse deurgesoek het. Hy wou nie die eienaar se naam noem nie.

"Die man het gesê hy is stomgeslaan deur die nuus van die kaping en dat sy voertuig so vinnig teruggevind is. Hy wonder of voertuigdiewe nou nuwe voertuie teiken wat dalk nog nie 'n opsporingstelsel het nie."

Volgens Crocker is voertuigdiewe gewoonlik betrokke by ander ernstige misdrywe soos transito-, huis-, en gewapende rooftogte en selfs moorde. "Dus is dit ongelooflik belangrik dat voertuigdiewe vasgetrek word."

Crocker het gesê Tracker maak sowat 100 arrestasies per maand in samewerking met die polisie.

"Ons het die afgelope jaar in die Wes-Kaap 'n gemiddeld van een arrestasie gemaak vir elke 1.7 voertuie wat teruggevind is. Tot dusver het Tracker saam met die polisie landwyd meer as 45 000 gesteelde voertuie teruggevind en 8 000 arrestasies gemaak."